higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 3

27 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Onwaar
1.2 Waar
1.3 Waar
1.4 Onwaar
1.5 Onwaar
1.6 Waar
1.7 Onwaar
1.8 Waar
1.9 Waar
1.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Gratifikasie
2.2 Integriteit
2.3 Wins-
2.4 veranderingsbeheer-
2.5 Etiese
2.6 Uitgangskriteria
2.7 afrigting-
2.8 Netwerkdiagram
2.9 Hoof-
2.10 Vooruitskatting

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Tegnieke is strategieë en metodes wat projekbestuurders op prosesse kan toepas om die beste resultate te verkry om te verseker dat die projek suksesvol is. (2)

Voorbeelde: bespoediging, ineenstorting, inspeksie, dinkskrum, werksmagtiging, SWOT-ontleding, beheer, medelokasie, kritiekeroetemetode, ontleding, verifikasie, tendensontleding, drie-punt-raming, PERT, netwerk, risikovermyding, ontwerphersiening (Enige 3 × 1) (3)

3.2
- As Jackson prestasie erken, sal dit spanlede motiveer om aan te hou hard werk.
- Hy kan ook belonings gee ooreenkomstig pryse, bonusse of promosies wat die moreel van die individu en span motiveer.
- Erkenning is een van die beste maniere van motivering vir die span.
- Erkenning van die span is belangrik vir werk. (Enige EEN) (2)

3.3 3.3.1 Rigtinggewende leierskap is waar die leier al die gesag het. Dit is gesentraliseer. Jackson sal hierdie optrede gebruik wanneer iets in die projek eenvoudig gedoen moet word. Hy sal die span opdrag gee oor wat gedoen moet word. Hierdie optrede maak ook daarop staat dat sy span hom vertrou terwyl hulle sy opdragte uitvoer.

3.3.2 Om leiding te gee waar nodig wanneer Jackson naby die span is wanneer hulle ’n sekere werkstuk voltooi. Hy kan ook saam met hulle werk om sy steun te wys. Hy moet beskikbaar wees om vrae te beantwoord wanneer spanlede oor iets besorg is. Om ’n ondersteunende leier te wees, behels om vertroue te bou en kollegas te help om hul uitdagings te oorkom.

(2 × 2) (4)

3.4 Voordele:
- Dit stel jou in staat om uit te werk hoe lank ’n projek sal neem (duur).
- Dit sit die volgorde waarin die aktiwiteite voltooi moet word, uiteen.
- Dit wys die afhanklikhede tussen aktiwiteite.
- Dit wys wat teen ’n bepaalde tyd bereik moes word.
- Dit stel jou in staat om te sien hoe aksie die projek weer op koers bring.
- Dit is die tipe grafiek wat die begin- en einddatum van ’n projek wys.

Beperkings:
- Gantt-grafieke dui nie die hulpbronne aan wat vir elke werkspakket benodig word nie.
- Gantt-grafieke is meer effektief vir klein projekte.
- Gantt-grafieke gee redelik min inligting per vertooneenheidsarea.
- Dieselfde duur blyk ewe belangrik te wees, wat misleidend kan wees.
- Gantt-grafieke kan nie die noodsaaklikheid van ’n enkele werkspakket aandui nie. (Enige 5 + 5) (10)

Kopiereg voorbehou

3.5
- Persoonlikhede en belangstellings van die span
- Kwalifikasies van die span
- Take moet uitdagend genoeg, maar nie oorweldigend vir die span wees nie
- Bevoegdheid van die span
- Vermoë om die taak suksesvol te voltooi (Enige 3 × 1) (3)

3.6
3.6.1 Bestuur
3.6.2 Bestuur
3.6.3 Leierskap
3.6.4 Bestuur
3.6.5 Leierskap
3.6.6 Bestuur

(6 × 1) (6)
[30]

VRAAG 4

4.1
- Stap 1: Die oortreding van die gedragskode moet aangemeld word.
- Stap 2: Doen ’n omvattende ondersoek om vas te stel of ’n oortreding plaasgevind het.
- Stap 3: Bekragtig die spanlid volgens die reëls en regulasies van die Hairworx-projekbeleid.
- Stap 4: Ontleed die situasie.
- Stap 5: Leer die spanlede weer om te verhoed dat soortgelyke situasies weer gebeur. (Moenie punte toeken as die volgorde verkeerd is nie) (5)

4.2 Belangebotsing is wanneer ’n spanlid hul persoonlike belange bo die belange van die projek stel. (2)

OF

Wanneer ’n spanlid hul invloed gebruik om te veroorsaak dat ander besluite in hul guns neem, sonder om te prioritiseer wat die beste vir die projek se uitkoms is.

Voorbeeld: ’n Familielid van Jackson verkoop verf.✓ Die familielid verskaf dan die verf vir die Hairworx-projek, wat dalk nie eers die beste kwaliteit of teen die beste prys is nie. Jackson verklaar nie dat dit ’n familielid is wat die verf verskaf nie, dus prioritiseer hy sy familielid se belange bo dié van die projek.

(Enige EEN) (1)

4.3
- Inisiëring/Begrip
- Beplanning
- Uitvoering/Implementering/Bekendstelling
- Monitering en kontrolering
- Afsluiting (5)

4.4 Projekbstuur:
- Skep ’n verandering in omstandighede
- Gebruik hulpbronne wat slegs vir die projek beskikbaar is
- Werk op ’n bepaalde tydskaal met ’n besliste einddatum
- Skep ’n unieke uitkoms
- Die span is slegs bymekaar gebring vir die projek
- Motiveer die span en belanghebbers
- Onderhandel effektiewe oplossings vir die projek se konflikte

Algemene bestuur:
- Bestuur en bou effektief op ’n stabiele werksplek
- Gebruik vaste hulpbronne
- Werk voortdurend, sonder ’n besliste einddatum
- Handhaaf en ontwikkel voortdurende uitkomstes
- Bestuur personeel voortdurend
- Motiveer personeel en belanghebbers
- Onderhandel effektiewe oplossings vir die organisasie se konflikte

(Enige 5 + 5) (10)

4.5
- Deur die Hairworx-projek te ontleed, kan Jackson ’n WBS skep om die projek meer hanteerbaar te maak.
- Deur dit in kleiner gedeeltes te verdeel, beteken dat dit vir Jackson makliker sal wees om die tyd en koste van elke werkselement te beraam.
- Ontleding kan ook tot beter produktiwiteit lei, omdat take makliker lyk en beter beplan is.
- Ontleding laat bestuurders toe om die projekspan beter te lei en monitor.

(Enige 3 × 1) (3)

4.6 4.6.1
- Almal het die reg tot regverdige arbeidspraktyke.
- Enige werker het die reg om ’n vakbond te vorm of by een aan te sluit of aan die bedrywighede van ’n vakbond deel te neem.
- Enige werker het die reg om te staak.

4.6.2
- Menswaardigheid is die erkenning dat mense ’n spesiale intrinsieke waarde het.
- Elke persoon het dus die reg om met respek behandel te word, net omdat hulle mense is.
- Geen persoon moet verneder of gespot word vir wie hulle is of die keuses wat hulle maak nie.

4.6.3
- Almal is gelyk voor die reg en het die reg tot gelyke beskerming en voordeel van die reg.
- Daar mag teen niemand onregverdig gediskrimineer word op grond van ras, geslag, swangerskap, huwelikstaat, ouderdom, taal, ensovoorts nie.
- Alle Suid-Afrikaners is gelyk in die oë van die reg en niemand verdien beter behandeling nie.

(3 × 3) (9)

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1
- Luister: Jackson moet seker maak almal in die span voel dat daar na hulle geluister word.
- Konsultasie: Jackson moet spanlede by die besluitnemingsproses betrek.
- Terugvoer: Alle spanlede moet gemaklik wees om terugvoer aan ander lede te gee oor enigiets wat die spandinamika kan verander.
- Ondersteuning: Spanlede moet voel dat hulle deur die res van die span ondersteun word.
- Bespreking: Wanneer spanlede praat oor hoe hulle voel, kan probleme en uitdagings opgelos word.
- Onderhandeling: Onderhandeling en ooreenkoms is noodsaaklik in elke spansituasie. Die span moet mekaar kan tegemoet kom.
- Aanvaarding van diversiteit: Almal in die span moet voel dat hulle aanvaar word, ongeag wie hulle is. (Enige 3 × 2) (6)

5.2
- Enkelouers wat nie hul werksplek kan verlaat wanneer hul kind siek is nie
- Vegetariërs vir wie daar nie voorsiening gemaak word etenstye of by spesiale geleenthede nie
- 'n Ortodokse Jood van wie daar verwag word om op 'n Saterdag te werk
- Halaalkos wat nie by die kafeteria of by spesiale geleenthede vir Moslem-spanlede beskikbaar is nie
- Personeel wat op taxi's staatmaak as bron van vervoer, wat die taxi mis omdat hulle laat gewerk het
- Kan ook insluit: 'n Gebrek aan respek en vertroue, verskillende ingesteldhede, swak luistervaardighede, gebrek aan kennis, onsekerheid oor uitkomstes of doelwitte, interne mededinging onder spanlede, spanlede wat inligting weerhou. (Enige 5 × 2) (10)

5.3 5.3.1 Een verwer:
Uurlikse tarief × uur per dag × dae
R35 × 8 × 3
= R840

Drie verwers:
R840 × 3
= R2 520

OF

35 × 8 × 3 × 3 = R2 520✓✓✓✓ (4)

5.3.2 Verf:
Eenheidskoste × hoeveelheid
R50 per liter × 50 liter✓
= R2 500✓

Toerusting:
Daaglikse huur × dae
R230 × 3✓
= R690✓ (4)

5.3.3 R2 520 + R2 500 + R690✓
= R5 710✓
(Ken punte toe as verskillende metodes gebruik is, maar dieselfde antwoord het) (2)

5.3.4
- Materiaal
- Voertuie
- Rekenaars
- Tyd
- Geld
- Elektrisiteit (Enige EEN) (1)

5.4
- Jackson moet die afwykings van die begroting op ’n templaat aan die relevante belanghebbers voorlê.
- Hy moet ’n skriftelike afskrif aan elke belanghebber stuur.
- Jackson moet ’n veranderingsbeheertemplaat voltooi en die nodige magtiging kry. (3)

[30]

VRAAG 6

6.1
- Gestandaardiseerde voorafgeformateerde dokumente verseker dat al die relevante inligting altyd ingesluit word.
- Template spaar tyd as dokumente nie elke keer van voor af geskep hoef te word nie.
- Template maak dit makliker om inligting te kry en te verseker dat geen inligting uitgelaat word nie. (Enige 2 × 2) (4)

6.2 Kleinkasbewys vir die Hairworx-projek:

Datum✓	Beskrywing✓	Bedrag✓	BTW✓	Saldo

Kleinkaskontantontvangs	
Datum: _____	Nommer: _____✓
Beskrywing:✓	Bedrag:✓
Betaalbaar deur:✓	
Ontvang deur:✓	
Goedgekeur deur:✓	*Handtekening:*

(10)

6.3
- Jackson kan meer as een persoon aanstel om die inspeksie te doen.
- Jackson kan ’n goed beplande kontrolelys ontwerp om seker te maak alle aspekte van ’n lewerbare item word geïnspekteer.
- Hy kan gekwalifiseerde individue aanstel wat baie ondervinding in die betrokke areas het. (Enige 2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

6.4 6.4.1

- Risiko 1: Die projek kan vertraag word deur reën of slegte weer.
- Risiko 2: Materiaal of toerusting kan laat arriveer en/of swak kwaliteit wees.
- Risiko 3: Konflik kan tussen spanlede ontstaan.
- Risiko 4: Afwesigheid van spanlede of spanlede wat laat kom.
- Risiko 5: Max of Jessie kan van plan verander oor die omvang of spesifikasies van die projek. (Enige 3 × 1) (3)

6.4.2

- Gebeurlikheidsplan risiko 1: Gebruik projekbestuurstegnieke soos bespoediging of ineenstorting om die projek weer op koers te kry.
- Gebeurlikheidsplan risiko 2: Handhaaf goeie verhoudings en kontrakte met verskaffers. Volg gereeld met verskaffers op.
- Gebeurlikheidsplan risiko 3: Gebruik konflikbestuurstrategieë en vier prestasies om positiewe spangees te verseker.
- Gebeurlikheidsplan risiko 4: Hê 'n bystandplan. Stel nuwe personeel aan. Dissiplineer personeel.
- Gebeurlikheidsplan risiko 5: Jackson moet dadelik die tyd- en koste-implikasie van veranderings aan die projek kommunikeer en seker maak Max en Jessie neem ingeligte besluite.

(Enige 3 × 2) (6)

6.5

- Om binne twee weke met 'n begroting van R160 000 die kliënte se dubbelmotorhuis in 'n ten volle funksionerende haarsalon te omskep
- Om spesifieke uitkomstes van die kliënte te bereik, byvoorbeeld 'n koffiestasie, badkamer en voorkeurmeubels, -styl en -kleure (2 × 2) (4)

6.6

- Vertroulike dokumente moet deur 'n wagwoord beskerm word en op rekenaars gestoor word.
- Lêers moet in kabinette en laaie toegesluit word.
- Administrasiepersoneel moet nooit dokumente sigbaar en sonder toesig los nie.
- Slegs uitgesoekte mense moet toegang tot vertroulike dokumente hê om aanspreeklikheid te verseker. (4)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou